**2 Oktober** **Skrifgedeelte: Matteus 1:18-25**
**Fokusgedeelte: NGB, Art 21**

## Christus word Jesus genoem

Naamgewing aan die begin van die Ou Testament en aan die begin van die Nuwe Testament verskil ingrypend. In Genesis gee die mens name volgens eie insig en (na die sondeval) volgens eie hoop en verlange. Aan die begin van die Nuwe Testament laat God egter die Naam van sy eie Seun AANKONDIG. Dit word nie aan die mens oorgelaat om self ’n naam vir die Seun van God uit te dink nie. Sy Naam kom as ’n Goddelike opdrag: “Jy moet Hom Jesus (Verlosser) noem” (vers 21).

Vir Josef was dit seker die mees verwarrende tyd van sy lewe. Sy verloofde was swanger, en tog was hy nie die pa nie. Die enigste logiese antwoord was dat Maria aan hom ontrou was. Josef is vasgevang tussen sy getrouheid aan die wet van God en sy liefde vir Maria. Hy besluit om eerder niks met die ongebore Kindjie te doen te hê nie. Hy sou Hom eerder geen naam gee nie, eerder vlug en in die geheim skei (vers 19).

Ja, daar kom ontstellende tye wanneer ’n mens nie eers weet wat om te hoop of te vrees nie. Onder sulke omstandighede is dit menslik om met eie insig vir God ’n plan van aksie, ’n begroting, ’n naam, ’n uitweg of ’n doelwit uit te dink. Hoe meer jy sukkel, hoe meer lyk vlug na die wenslike opsie.

Lees vandag weer Artikel 21 van die NGB en besef hoe wonderlik en omvangryk die versoening is wat Christus vir jou bewerk het. Wees dan soos Josef gelowig gehoorsaam, buig onder God se reddingsplan en noem Hom in jou omstandighede JESUS (Verlosser). Gou sal jy besef Hy is ook IMMANUEL, God by jou!

*DR. WC VERGEER (POTCHEFSTROOM-OOS)*